

**CONSTITUTION OF THE
SOUTHERN AFRICAN
SOCIETY FOR HUMAN
GENETICS**

INDEX

1. Definitions
2. Name
3. Objectives
4. Membership
5. Management
6. Meetings of the Society
7. Quorum
8. Voting
9. The chairman
10. The secretary/treasurer
11. Congresses, seminars, etc.

**GRONDWET VAN DIE
SUIDELIKE AFRIKAANSE
VERENIGING VIR
MENSGENETIKA**

INDEKS

1. Definisies
2. Naam
3. Doelstellings
4. Lidmaatskap
5. Bestuur
6. Vergaderings van die Vereniging
7. Kworum
8. Stemming
9. Die voorsitter
10. Die sekretaris/tesourier
11. Kongresse, seminare, ens.

12. Finances

12. Finansies

13. Constitution

13. Grondwet

14. Amendments to the
constitution

14. Veranderinge aan die grondwet

15. Language

15. Taal

16. Dissolution

16. Ontbinding

CONSTITUTION

1 DEFINITIONS

1.1 A **member** means an ordinary member of the Society whose membership fee is fully paid and who has not been excluded or suspended from the Society.

1.2 A **meeting** means a gathering of members and honorary members in the presence of the chairman or his representative.

1.3 A **committee meeting** means a gathering or telephonic conference of office bearers.

1.4 Words importing the masculine gender include the feminine gender.

1.5 Where a notice period is referred to, the date stamp on the envelope will be considered the date of despatch.

2 NAME

The Society is called the "Southern African Society for Human Genetics" and is herein referred to as "the Society".

3 OBJECTIVES

GRONDWET

1 DEFINISIËS

1.1 'n **Lid** beteken 'n gewone lid van die Vereniging wie se ledegeld ten volle betaal is en wat nie van die Vereniging uitgesluit of geskors is nie.

1.2 'n **Vergadering** beteken 'n samekoms van lede en ere-lede in die teenwoordigheid van die voorsitter of sy verteenwoordiger.

1.3 'n **Komiteevergadering** beteken 'n samekoms of telefoniese konferensie van ampsdraers.

1.4 Woorde wat na die manlike geslag verwys sluit ook die vroulike geslag in.

1.5 Waar 'n kennisgewingtydperk ter sprake is, sal die datumstempel op die koevert aanvaar word as datum van versending.

2 NAAM

Die Vereniging staan bekend as die "Suidelike Afrikaanse Vereniging vir Mensgenetika" en word hierin na verwys as "die Vereniging".

3 DOELSTELLINGS

The objectives of the Society are:-

3.1 to advance the practice and science of human genetics in Southern Africa;

3.2 to facilitate contact between those persons engaged in clinical practice, investigative sciences and research in human genetics without discrimination on the grounds of race, religion or sex;

3.3 to maintain the highest ethical and professional standards in all its affairs and activities;

3.4 to arrange conferences and symposia on human genetics;

3.5 to initiate and maintain contact with similar organisations in other parts of the world; and

3.6 to manage its affairs on a non-profit making basis.

4 MEMBERSHIP

4.1 **Ordinary member:** Any person engaged in the practice of clinical genetics, the investigative sciences related to human genetics, teaching, counselling and research in human genetics, is eligible for ordinary membership.

4.2 **Honorary member:** Any person of distinction in the field of human genetics of any nationality may be proposed for honorary membership. Election to honorary membership is subject to a majority vote of members present at a bi-ennial general meeting.

Die doelstellings van die Vereniging is:-

3.1 om die praktyk en wetenskap van mensgenetika in Suidelike Afrika te bevorder;

3.2 om kontak tussen daardie persone betrokke by kliniese praktyk, die ondersoekende wetenskappe en navorsing in mensgenetika te bevorder sonder diskriminasie op grond van ras, geloof of geslag;

3.3 om die hoogste etiese en professionele standaarde in al sy aangeleenthede en bedrywighede te handhaaf;

3.4 om kongresse en simposiums oor mensgenetika te reël;

3.5 om kontak met soortgelyke organisasies in ander wêrelddele te bewerkstellig en te behou; en

3.6 om sy sake op 'n nie-winsgewende grondslag te bedryf.

4 LIDMAATSKAP

4.1 **Gewone lid:** Enige persoon betrokke by die praktyk van kliniese genetika, die ondersoekende wetenskappe wat verband hou met mensgenetika, onderrig, raadgewing en navorsing in mensgenetika, is op gewone lidmaatskap geregtig.

4.2 **Erelid:** Enige persoon van aansien op die gebied van mensgenetika van enige nasionaliteit kan vir erelidmaatskap voorgestel word. Verkiesing tot erelidmaatskap is onderhewig aan 'n meerderheidstem van lede teenwoordig by 'n tweejaarlikse algemene vergadering.

4.2.1 The proposal that a person receive honorary membership shall be made in writing and included in the agenda for the biennial general meeting.

4.2.2 Honorary membership shall be conferred for a two year period.

4.2.3 An honorary member shall not be entitled to vote nor serve on the committee.

4.2.4 An honorary member shall not be required to pay a subscription fee.

4.3 **Honorary life member:**

An ordinary member who has shown distinction in any aspect of human genetics or has given outstanding service to the Society may be proposed for election to honorary life membership. Election to honorary life membership is subject to a two-thirds majority vote of members present at a biennial general meeting. Clauses 4.2.1 and 4.2.4 shall be applicable to honorary life membership.

4.4 All persons by becoming members are bound in terms of the constitution.

5 **MANAGEMENT**

5.1 Office bearers and Committee:

5.1.1 The business of the Society is conducted by a committee consisting of 9 (nine) members.

5.1.2 The committee is composed as follows: chairman, secretary/ treasurer and 7 (seven) members, as far as possible representing the regions in South Africa and the disciplines in the field of human genetics.

4.2.1 Die voorstel dat 'n persoon erelidmaatskap ontvang moet skriftelik geskied en op die agenda van die tweejaarlikse algemene vergadering verskyn.

4.2.2 Erelidmaatskap word vir 'n periode van twee jaar toegeken.

4.2.3 'n Erelid is nie geregtig om te stem of in die komitee te dien nie.

4.2.4 'n Erelid word van die betaling van ledegeld vrygestel.

4.3 **Lewenslange erelid:** 'n Gewone lid wat hom op enige gebied van mensgenetika onderskei het of uitmuntende diens aan die Vereniging gelewer het kan voorgestel word vir verkiesing tot lewenslange erelidmaatskap. Verkiesing tot lewenslange erelidmaatskap is onderhewig aan 'n tweederdemeerderheidstem van lede teenwoordig by 'n tweejaarlikse algemene vergadering. Klousules 4.2.1 en 4.2.4 is van toepassing op lewenslange erelidmaatskap.

4.4 Met toetrede tot lidmaatskap, verbind alle persone hulle tot die grondwet.

5 **BESTUUR**

5.1 Ampsdraers en Komitee:

5.1.1 Die aktiwiteite van die Vereniging word bedryf deur 'n komitee bestaande uit 9 (nege) lede.

5.1.2 Die komitee word soos volg saamgestel: voorsitter, sekretaris/ tesourier en 7 (sewe) lede, wie so ver moontlik die streke in Suid-Afrika en dissiplines op die gebied van mensgenetika verteenwoordig.

5.1.3 A member may hold only 1 (one) position on the committee.

5.2 Nomination of members to serve on the committee shall be made in writing to the secretary to reach him within 21 (twenty one) days of date of notification. Nominations shall include the following: name and signature of nominee, position to which he is nominated as well as names and signatures of proposer and seconder. The secretary shall request nominations at least 60 (sixty) days prior to the biennial general meeting.

5.3 A list of nominees shall be circulated to all members for postal ballot. A maximum of 5 (five) votes can be made on each ballot paper. No more than 1 (one) vote can be made against the position of chairman. A vote may only be cast once for each nominee per ballot paper. The closing date for the postal ballot shall be 14 (fourteen) days prior to the next biennial general meeting. Members of the new committee shall be announced at the biennial general meeting. If an insufficient number of nominations are received in the post, the vacancy(ies) will be filled at the following biennial general meeting by normal voting procedure.

5.4 The position of secretary/treasurer shall be filled by a member appointed by the chairman.

5.5 Additional committee members:

5.5.1 The convenor of the next congress, (as referred to in clause 11) will serve on the committee.

5.1.3 'n Lid mag net 1 (een) posisie op die komitee beklee.

5.2 Benoeming van lede om in die komitee te dien moet skriftelik aan die sekretaris gerig word sodat dit hom binne 21 (een-en-twintig) dae vanaf datum van kennisgewing bereik. Benoemings moet die volgende insluit: naam en handtekening van benoemde, posisie waarvoor hy benoem is asook name en handtekening van voorsteller en sekondant. Die sekretaris moet benoemings ten minste 60 (sestig) dae voor die tweejaarlikse algemene vergadering aanvra.

5.3 'n Lys van benoemings moet aan alle lede vir posstemming gesirkuleer word. 'n Maksimum van 5 (vyf) stemme kan op elke stembrief uitgebring word. Nie meer as 1 (een) stem kan teenoor die posisie van voorsitter uitgebring word nie. Daar mag slegs 1 (een) keer vir elke genomineerde per stembrief gestem word. Die sluitingsdatum vir die posstemming moet 14 (veertien) dae voor die volgende tweejaarlikse algemene vergadering wees. Die lede van die nuwe komitee moet tydens die tweejaarlikse algemene vergadering aangekondig word. Indien 'n onvoldoende getal nominasies deur die pos ontvang word, sal die vakature(s) tydens die volgende tweejaarlikse algemene vergadering deur normale stemprosedure gevul word.

5.4 Die posisie van sekretaris/ tesourier moet gevul word deur 'n lid wat deur die voorsitter aangewys word.

5.5 Addisionele komiteeledede:

5.5.1 Die sameroeper van die volgende kongres (soos bepaal in klousule 11) sal in die komitee dien.

5.5.2 If any independent Southern African state has more than 20 (twenty) members, they may appoint a representative to serve on the committee.

5.5.3 Additional committee members do not have voting powers during committee meetings.

5.6 In the event of a committee member vacating his position, for whatever reason, before the completion of the term of office, the committee may co-opt a replacement, who serves until the next biennial general meeting.

5.7 No member shall serve on the committee for longer than 6 (six) consecutive years (3 terms of office) and may not hold the same position for longer than 4 (four) consecutive years (2 terms of office).

5.8 Committee meetings are held at the discretion of the chairman and on the day prior to a general meeting. The notice of and agenda for the meeting shall be sent to committee members at least 21 (twenty-one) days prior to the date of the meeting.

5.9 The term of office for committee members is from one biennial general meeting to the next.

6 MEETINGS OF THE SOCIETY

6.1 A general meeting of members is held during the biennial congress.

5.5.2 Indien enige onafhanklike Suidelike Afrikaanse staat meer as 20 (twintig) lede het, kan hulle 'n verteenwoordiger aanwys om in die komitee te dien.

5.5.3 Addisionele komiteelede het nie stemreg tydens komiteevergaderings nie.

5.6 Indien 'n komiteelid sy posisie, om welke rede ook al, voor die verstryking van sy ampstermyn ontruim, kan die komitee 'n plaasvervanger koöpteer wat tot die volgende tweejaarlikse algemene vergadering dien.

5.7 Geen lid mag vir langer as 6 (ses) opeenvolgende jare (3 ampstermyne) in die komitee dien nie en mag nie dieselfde posisie vir langer as 4 (vier) opeenvolgende jare (2 ampstermyne) beklee nie.

5.8 Komiteevergaderings word in die diskresie van die voorsitter gehou en op die dag wat die algemene vergadering voorafgaan. Die kennisgewing van en agenda vir die vergadering moet ten minste 21 (een-en-twintig) dae voor die datum van die vergadering aan komiteelede gestuur word.

5.9 Die ampstermyn vir komiteelede strek vanaf een tweejaarlikse algemene vergadering tot die volgende.

6 VERGADERINGS VAN DIE VERENIGING

6.1 'n Algemene vergadering van lede word tydens die tweejaarlikse kongres gehou.

6.2 A special general meeting may be convened by the chairman at his discretion or at the written request of 25 (twenty five) members.

6.3 Notice of and the agenda for general meetings shall be despatched to all members at least 30 (thirty) days prior to the date of the meeting.

6.4 The business of the biennial general meeting is:

6.4.1 to confirm the minutes of the previous biennial general meeting and any special general meetings held in the interim;

6.4.2 to receive the chairman's report;

6.4.3 to receive the financial statements and treasurer's report;

6.4.4 to discuss and decide on matters on the agenda by a majority vote;

6.4.5 to confirm or finalise the election of a new committee; and

6.4.6 to discuss general business. Matters not included in the agenda may not be put to the vote.

6.5 All matters for inclusion in the agenda should reach the secretary at least 42 (forty-two) days prior to the date of the meeting. Documentation concerning such items shall accompany the agenda.

7 QUORUM

7.1 A quorum at a committee meeting consists of 5 (five) or more elected committee members.

6.2 'n Spesiale algemene vergadering kan na goeddunke deur die voorsitter of op skriftelike versoek van minstens 25 (vyf-en-twintig) lede belê word.

6.3 Kennis van en die agenda vir algemene vergaderings moet ten minste 30 (dertig) dae voor die datum van die vergadering aan alle lede versend word.

6.4 Die funksies van die tweejaarlikse algemene vergadering is:

6.4.1 om die notules van die vorige tweejaarlikse algemene vergadering en enige spesiale algemene vergaderings wat intussen plaasgevind het, te bekragtig;

6.4.2 om die voorsitters- verslag aan te hoor;

6.4.3 om die finansiële state te ontvang en tesouriersverslag aan te hoor;

6.4.4 om sake op die agenda te bespreek en besluite deur 'n meerderheidsstem daarvoor te neem;

6.4.5 om die verkiesing van 'n nuwe komitee te bekragtig of te finaliseer; en

6.4.6 om algemene sake te bespreek. Sake wat nie op die agenda verskyn nie, kan nie tot stemming gebring word nie.

6.5 Alle sake vir insluiting in die agenda behoort die sekretaris ten minste 42 (twee-en-veertig) dae voor die datum van die vergadering te bereik. Dokumentasie rakende die sake moet die agenda vergesel.

7 KWORUM

7.1 'n Kworum tydens 'n komiteevergadering bestaan uit 5 (vyf) of meer verkose komiteelede.

7.2 A quorum present at a general meeting consists of at least one-third of members and honorary life members.

7.3 In the absence of a quorum, matters discussed may be decided by a postal vote within 30 (thirty) days of the meeting. For a postal vote to be valid, at least 50% of the members must return the voting paper to the secretary.

8 VOTING

8.1 Each member is entitled to 1 (one) vote for each matter to be decided upon.

8.2 Voting at any meeting takes place by a show of hands unless stipulated otherwise by the chairman.

8.3 Voting at meetings may take place by proxy, provided that the member unable to attend, places his ballot paper in a sealed envelope bearing his name. This envelope must reach the secretary before the start of the meeting.

9 THE CHAIRMAN

9.1 The chairman of the Society presides at all meetings of the committee and Society. In his absence a chairman is appointed from and by the attending members.

9.2 The chairman shall submit a report on the Society's activities during the previous 2 (two) years to the biennial general meeting.

7.2 'n Kworum teenwoordig tydens 'n algemene vergadering bestaan uit minstens eenderde van lede en lewenslange erelede.

7.3 In die afwesigheid van 'n kworum kan bespreekte sake deur middel van posstemming binne 30 (dertig) dae vanaf die vergadering besleg word. 'n Geldige posstemming behels dat ten minste 50% van lede se stembriewe deur die sekretaris terug ontvang word.

8 STEMMING

8.1 Elke lid is geregtig op 1 (een) stem vir elke saak wat tot stemming gebring word.

8.2 Stemming by enige vergadering vind plaas deur die opsteek van hande tensy anders deur die voorsitter bepaal.

8.3 Stemming by vergaderings kan deur volmag geskied, mits die lid wat nie die vergadering kan bywoon nie, sy stembrief in 'n verseëelde koevert, waarop sy naam verskyn, plaas. Die koevert moet die sekretaris voor die aanvang van die vergadering bereik.

9 DIE VOORSITTER

9.1 Die voorsitter van die Vereniging lei alle vergaderings van die komitee en Vereniging. In sy afwesigheid word 'n voorsitter uit en deur die teenwoordige lede aangewys.

9.2 Die voorsitter moet 'n verslag van die Vereniging se aktiwiteite gedurende die voorafgaande 2 (twee) jaar aan die tweejaarlikse algemene vergadering voorlê.

9.3 The chairman shall affix his signature to any official document of the Society, minutes of meetings and amendments to the constitution.

9.3 Die voorsitter moet alle amptelike dokumente van die Vereniging, notules van vergaderings en amendemente van die grondwet onderteken.

10 THE SECRETARY/TREASURER

10.1 The secretary/ treasurer shall be appointed by the chairman and should preferably be from the same institution as the chairman.

10.2 The secretary/ treasurer shall give notice of and prepare the agenda for meetings as stipulated.

10.3 The secretary/ treasurer shall take and keep minutes of the proceedings of all meetings of the Society. In his absence a secretary is appointed from and by the attending members.

10.4 The secretary/ treasurer is responsible for all financial and administrative duties of the Society.

10.5 The secretary/ treasurer shall submit a financial statement and report of the Society's financial affairs of the previous 2 (two) years to the biennial general meeting.

11 CONGRESSES, SEMINARS, ETC.

11.1 The Society annually holds a congress or a seminar in alternate sequence.

11.2 The committee shall appoint a subcommittee to convene and arrange such meetings for which separate accounts shall be kept and submitted to the treasurer for inclusion in the financial statements.

10 DIE SEKRETARIS/TESOURIER

10.1 Die sekretaris/ tesourier moet deur die voorsitter aangewys word en moet liefers aan dieselfde inrigting as die voorsitter verbonde wees.

10.2 Die sekretaris/ tesourier moet kennis gee van vergaderings en die agenda opstel, soos uiteengesit.

10.3 Die sekretaris/ tesourier moet die verrigtinge by alle vergaderings van die Vereniging notuleer en bewaar. In sy afwesigheid word 'n sekretaris uit en deur die teenwoordige lede aangewys.

10.4 Die sekretaris/ tesourier is vir alle finansiële en administratiewe pligte van die Vereniging verantwoordelik.

10.5 Die sekretaris/ tesourier moet 'n finansiële staat en verslag van die Vereniging se finansiële sake van die voorafgaande 2 (twee) jaar aan die tweejaarlikse algemene vergadering voorlê.

11 KONGRESSE, SEMINARE, ENS.

11.1 Die Vereniging hou jaarliks 'n kongres of seminaar, in afwisselende volgorde.

11.2 Die komitee moet 'n subkomitee aanwys om sodanige byeenkomste saam te roep en te reël, waarvoor aparte rekenings gehou moet word en aan die tesourier besorg moet word vir insluiting in die finansiële state.

11.3 The venue of the next congress shall be decided upon during the biennial general meeting which precedes that congress.

11.4 Applications to present a seminar shall be directed to the committee at least 9 (nine) months prior to date of presentation. The committee may approach persons to present a seminar.

11.5 Notice of the date and venue of such meetings shall be circulated to members not less than 6 (six) months prior to the meeting, together with an invitation to submit original contributions.

11.6 Members may introduce visitors for such meetings. Contributions from visitors may be accepted for presentation.

12 FINANCES

12.1 Each ordinary member shall pay an annual subscription which shall be decided upon by the committee and confirmed at the biennial general meeting.

12.2 Subscriptions shall become due on joining the Society as a member and on 1 January of each year thereafter.

12.3 A member whose subscription is not paid up at the time of a meeting, may not vote at that meeting.

11.3 Die plek waar die volgende kongres gehou sal word, moet bepaal word tydens die tweejaarlikse algemene vergadering wat dit voorafgaan.

11.4 Aansoeke vir die aanbied van 'n seminar moet ten minste 9 (nege) maande voor datum van aanbieding aan die komitee gerig word. Die komitee kan persone nader om 'n seminar aan te bied.

11.5 Kennisgewing van die datum en plek van sulke byeenkomste moet ten minste 6 (ses) maande voor die byeenkoms aan lede gestuur word, tesame met 'n uitnodiging om oorspronklike bydraes te lewer.

11.6 Lede kan besoekers vir sulke byeenkomste voorstel. Bydraes van besoekers vir voordrag kan aanvaar word.

12 FINANSIES

12.1 Elke gewone lid moet 'n jaarlikse ledegeld betaal soos deur die komitee besluit en tydens die tweejaarlikse algemene vergadering bevestig word.

12.2 Ledegeld is met aansluiting van 'n lid by die Vereniging betaalbaar en op 1 Januarie van elke daaropvolgende jaar.

12.3 'n Lid wie se ledegeld nie ten tyde van 'n vergadering betaal is nie, is nie by daardie vergadering stemgeregtig nie.

12.4 If a member is for more than 1 (one) year in arrears with the payment of his subscription, his membership terminates immediately.

12.5 The chairman and the secretary/treasurer of the committee have signing powers for the management of the Society's finances. All cheques or withdrawals must bear both signatures.

12.6 The committee is empowered to invest in safe investments/trust securities such capital of the Society as they consider advisable.

12.7 Members of the committee are not personally liable for the debts of the Society.

12.8 No profits or gains will be distributed to any person or institution and the funds of the Society will be utilized solely for investment or the objectives for which the Society was established.

12.9 Funds available for investment may only be invested with registered financial institutions in South Africa.

12.10 The Society will not carry on any profit making activities; nor participate in any business, profession or occupation carried on by any of its members, nor provide any financial assistance, premises, continuous services or facilities to its members for the purpose of carrying on any business, profession or occupation by them.

12.4 As 'n lid vir meer as 1 (een) jaar agterstallig is met die betaling van sy ledegeld, word sy lidmaatskap onmiddellik beëindig.

12.5 Die voorsitter en sekretaris/tesourier van die komitee beskik oor tekenmagte vir die bestuur van die Vereniging se finansies. Alle tjeks of onttrekkings moet albei se handtekeninge bevat.

12.6 Die komitee is by magte om sodanige kapitaal van die Vereniging as wat hulle gerade ag, in veilige beleggings/trusteffekte te belê.

12.7 Komiteedele is nie persoonlik aanspreeklik vir skulde van die Vereniging nie.

12.8 Geen winste sal aan enige persoon of instansie oorgedra word nie en die fondse van die Vereniging sal uitsluitlik aangewend word vir belegging of die doelstellings waarvoor die Vereniging gestig is.

12.9 Fondse beskikbaar vir belegging mag net by geregistreerde finansiële instellings in Suid-Afrika belê word.

12.10 Die Vereniging sal by geen winsmakende bedrywighede betrokke raak nie; of aan enige besigheid, professie of beroep uitgeoefen deur enige van sy lede, deelneem nie; geen finansiële ondersteuning, werksplek(ke), volgehoue dienste of fasiliteite aan sy lede verleen vir die doel van die uitoefen van besigheid, professie of beroep deur hulle nie.

13 CONSTITUTION

13 GRONDWET

13.1 The constitution may be approved by way of postal ballot provided that more than 50% of all members partake in the ballot and that at least two-thirds of all participating members are in favour of the approval.

13.2 A copy of the Society's approved constitution signed by the chairman, shall be kept in the secretary/treasurer's possession.

13.3 This copy of the constitution is considered as correct and takes precedence over all other copies in any dispute.

14 AMENDMENTS TO THE CONSTITUTION

14.1 Amendments to the constitution can only take place at a general meeting.

14.2 Any amendment to the constitution requires a two-third majority vote.

14.3 After amendments to the constitution have been approved they shall be entered in the copy of the constitution held by the secretary/treasurer and signed by the chairman.

14.4 Any amendments to the constitution shall be submitted to the Commissioner of the South African Revenue Service.

15 LANGUAGE

English and Afrikaans shall be languages of equal status in the proceedings of the Society and communications shall be presented in the language chosen by the member making the communication.

13.1 Die grondwet kan by wyse van posstem goedgekeur word mits meer as 50% van alle lede aan die stemming deelneem en ten minste tweederdes van die deelnemende lede ten gunste van goedkeuring is.

13.2 'n Afskrif van die Vereniging se goedgekeurde grondwet, geteken deur die voorsitter, moet in die besit van die sekretaris/tesourier gehou word.

13.3 Hierdie afskrif van die grondwet word as korrek beskou en geniet voorkeur bo alle ander afskrifte tydens enige dispuut.

14 VERANDERINGE AAN DIE GRONDWET

14.1 Veranderinge aan die grondwet mag alleenlik tydens 'n algemene vergadering aangebring word.

14.2 Enige verandering aan die grondwet vereis 'n tweederdemeerderheidstem.

14.3 Nadat veranderinge aan die grondwet goedgekeur is, moet dit in die afskrif van die grondwet wat by die sekretaris/tesourier gehou word, aangebring word en deur die voorsitter onderteken word.

14.4 Enige veranderinge aan die grondwet moet aan die Kommissaris vir Suid-Afrikaanse Inkomstediens voorgelê word.

15 TAAL

Afrikaans en Engels sal tale van gelyke status tydens die verrigtinge van die Vereniging wees en kommunikasie sal volgens taalkeuse van die kommunikerende lid geskied.

16 DISSOLUTION

16.1 The Society may only be dissolved by the unanimous decision of all members.

16.2 After settling of all debts, the remaining assets at the dissolution of the Society may not be distributed amongst members, but shall be given or transferred to another organisation (as decided by members present at a special meeting held for this purpose) with objectives similar to those of the Society.

29 December 1993

Dr S JANSEN
CHAIRMAN

Amended: March 1995

Dr S JANSEN
CHAIRMAN

Amended: March 2007

PROF. L WARNICH
CHAIRPERSON

16 ONTBINDING

16.1 Die Vereniging kan slegs ontbind word deur die eenparige besluit van alle lede.

16.2 Die oorblywende bates, na betaling van alle skulde, mag by ontbinding van die Vereniging nie onder lede verdeel word nie, maar moet aan 'n organisasie (soos besluit deur lede teenwoordig op 'n spesiale vergadering wat vir hierdie doel belê is) met soortgelyke doelstellings as die Vereniging, gegee of oorgedra word.

Dr BD HENDERSON
SECRETARY

Dr BD HENDERSON
SECRETARY

DR. R HILLERMAN
SECRETARY